# HOOFSTUK SES

## Herstrukturering en nuwe visies binne 'n nuwe politieke bedeling, 1995-2000

Op 27 April 1994 het die eerste algemene demokratiese verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind. Die African National Congress (ANC)-Party het die verkiesing gewen, waarmee Suid-Afrika aan 'n nuwe politieke bestel blootgestel is. As deel hiervan is wetgewing ten opsigte van byvoorbeeld aparte woongebiede en onderwysstelsels vir die verskillende bevolkingsgroepe herroep. Geografies het dit ook vir die land radikale veranderings meegebring.[1] Suid-Afrika was tot 1994 in vier provinsies verdeel, naamlik die Kaap, die Transvaal, die Oranje- Vrystaat en Natal. Daarna is die land in nege provinsies verdeel, naamlik die Noord-Kaap, die Wes-Kaap, die Oos-Kaap, KwaZulu Natal, Mpumalanga, Gauteng, die Noordelike Provinsie, Vrystaat en die Noordwes-Provinsie.[2] Binne die raamwerk van hierdie veranderinge het die EAV(S.A.) die geleentheid gebruik om sy posisie en status in die bedryf in oënskou te neem met die oog daarop om aanpassings te maak wat die bedryf en die Vereniging tot voordeel kon strek.

### 6.1 Ledetalprofiel en veranderings

Die vermelde veranderende geografiese indeling en provinsiale naamtoevoegings en -veranderings, het die EAV(S.A.) ook sy streeksindeling laat hersien. Onder meer het die Suid-Transvaalstreek se naam na Gauteng verander, terwyl die Noord-Transvaalstreek sy naam en die gebiede onder sy beheer behou het, maar

---

[1] Aangesien hierdie gebeurtenis teen 2000 nog vars in die geheue van Suid-Afrikaners en die wêreld is, is geen spesifieke bron as verwysing nodig nie. Die herinneringe van 'n verskeidenheid Suid-Afrikaners aan hierdie historiese gebeurtenis is stewig vasgevang in die saamgestelde werk van A.P. Brink, *S.A. April 1994*.

[2] Vergelyk D. Kindersley, *Wêreldatlas*, pp. 50-64.

dit bekend geword het as die Streek wat die Noordelike Provinsie sowel as Mpumalanga Provinsie insluit. Van die Natalstreek is toenemend gepraat as KwaZulu Natal – die naam van dié Provinsie na die regering se provinsiale indelings.

Uit die ledeprofiele van al die provinsies soos reeds grafies voorgestel in Hoofstuk Vyf is dit opmerklik dat die EAV(S.A.) 'n beroepsvereniging is met 'n wisselende ledetal. Dit kom ook voor asof die werwing van lede onder swart, kleurling en Indiër nog nie teen 2000 ten volle deur die EAV(S.A.) ontgin en benut is nie. Met hierdie ledeprofiel ten datum van, en kort na, die eerste demokratiese verkiesing, moes die EAV(S.A.) opnuut sy status en posisie as beroepsorganisasie bedink .

## 6.2 EAV(S.A.) – grondwet en regeringsbeleid

'n Nuwe interim konstitusie vir Suid-Afrika is reeds in 1994 aanvaar, gegrond op Wet 200 van 1993. Onder meer het die Wet daarvoor voorsiening gemaak dat die Suid-Afrikaanse samelewing (byvoorbeeld ras en geslag) verteenwoordigend in die werksplek moes wees.[3] Gegrond hierop is van die fasette in die interim konstitusie wat die EAV(S.A.) geraak het, is die volgende:

### 6.2.1 Regstellende aksie

Die aanvanklike bydrae van die EAV(S.A.) in regstellende aksie-praktyke is te vind in die kursusse van onder meer Besigheidsadministrasie gerig op die sogenaamde "opkomende" sektor.[4] Voortvloeiend hieruit het die EAV(S.A.) gedurende 1996 'n nasionale beleid vir regstellende aksie opgestel.[5] Hiervolgens is swart lede gewerf en swart studente het ook beurse bekom.[6] Die nasionale beleid het verder

---

3 Vergelyk Legal Resource Centre, *Know your constitution. A summary of the interim constitution.*

4 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee meeting, Affirmative Action - Final Plan 26.7.1996, pp.113-115.

5 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee meeting, minute, 7-8 May 1996, p.19.

6 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee meeting, minute, 7-8 November 1996, p. 5.

voorsiening gemaak dat EAV(S.A.) –lede as mentors vir die "opkomende" sektor[7] kon optree.[8] Deur middel van die mentorskap is gemeen dat die "opkomende" sektor bekend gestel kon word aan die standaarde wat die elektrotegniese bedryf nastreef.[9] 'n Begin is gemaak met die samestelling en ontwikkeling van kriteria en kursusse vir elektrotegniese aannemers wat hulle as mentors wil bekwaam.[10]

Regstellende aksie-praktyke op die EAV(S.A.)-bestuurvlak is in 1996 in alle erns oorweeg. In hierdie verband het byvoorbeeld die Uitvoerende Komitee van die KwaZulustreek een swart en een Indiër lid ingesluit, teenoor die Pietersburg-takbestuur waar een swart lid aanvaar is. Dit geld ook vir die takbestuur in Pretoria. Die Wes-Kaapstreek se UK het twee kleurlinge en een swart lid op die bestuur gekoöpteer.[11] Regstellende praktyke soos dié was nie bedoel om slegs die apartheidsidee van die verlede sigbaar in die EAV(S.A.) te verwyder nie. Primêre doelwitte, naamlik opheffing en standaardhandhawing is beskou as noodsaaklik tot voordeel van die elektrotegniese bedryf. In Hoofstuk Sewe is die inisiatiewe van sommige streekslede om regstellende praktyke te bevorder ook aangedui.

Benewens die EAV(S.A.) se pogings om half oornag meer verteenwoordigend van die elektrotegnici landwyd te wil wees, is die teenwoordigheid van 'n paar swart beroepsverenigings opgemerk. Hieronder tel die *Black Electrical Contractors Association* (BECA) in KwaZulu Natal. Enersyds het dit kompetisie vir die EAV(S.A.) beteken en andersyds het dit 'n geleentheid gebied vir die EAV(S.A.) om werwing te doen. Op só wyse is die voorsitter van die BECA as lid vir die EAV(S.A.) gewerf.[12]

---

7 Met die begrip opkomende sektor is hoofsaaklik verwys na swart-, kleurling- en indiëgemeenskappe wat deur die Regering beskou word diegene met 'n agterstand as gevolg van omstandighede in die verlede

8 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 7-8 November 1996, Annexure "C", p.1.

9 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee, 13-14 November 1997, Annexure "F", p. 4.

10 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive committee, minute, 7-8 May 1998, p. 9.

11 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 7-8 November 1996, pp. 33-35.

12 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive committee, minute, 7-8 May 1998, p. 9.

'n Swart elektrotegniese aannemersvereniging, die *Kyalami Electrical Contractors* (KEC), is ook terselfdertyd in Tembisa, 'n oorwegend swart woongebied naby Kemptonpark gevorm. Die EAV(S.A.) het betrekkinge met die (KEC) aangeknoop[13]

Ook die voormalige Swart Nasionale State is nie in hierdie veranderende tye geïgnoreer nie. Streekdirekteur F. Steyn van Noord-Transvaal het byvoorbeeld gedurende 1996 met swart elektrotegniese aannemers van die voormalige Venda vergader om kundigheidshulp aan te bied. Voortvloeiend hieruit was die akkreditasie van die Venda Opleidingsentrum by die *Industry Training Board.*[14]

Soos algemeen in die sakesektor opgemerk, was dit vir die EAV(S.A.) net so belangrik om sy ledeprofiel meer verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse samelewing te maak om sodoende polities korrek op te tree en bes moontlik politieke druk te vermy. Hoofsaaklik omdat uitnemendheid in die ekonomiese sfeer waarbinne die elektrotegnikus beweeg die EAV(S.A.) se vernaamste visie geword het. In hierdie verband kon die EAV(S.A.)-lede deur deelname aan 'n Masekane–bouprojek saam met die opkomende sektor werk en belangstellendes in hierdie beroep van raad bedien.[15]

### 6.2.2 Geregtigheid binne die EAV(S.A.) se taalbeleid

Anders as van tevore het die nuwe Regering se grondwet ook taalregte (afdeling 31 van die grondwet) beskerm. Die gevolg tot dusver daarvan vir die EAV(S.A.) was dat begin is met die opstel van 'n nasionale taalbeleid vir die Vereniging en dat dit in ooreenstemming met die vereistes is wat die Regeringsgrondwet vereis.[16] Engels is egter steeds as die amptelike taal van die Vereniging erken.[17] Alhoewel erkenning verleen word aan al die ander amptelike landstale, word korrespondensie in streke

---

[13] ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 7-8 November 1996, pp. 33-35.

[14] ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 7-8 November 1996, p. 33.

[15] ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 21-22 May 1998, pp. 6-7.

[16] ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 7-8 May 1996, p. 19.

[17] ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee, 7-8 November 1996, p. 4.

in beide Afrikaans en Engels gedoen. Plek-plek is brosjures opgemerk wat inligting ook in 'n derde landstaal kommunikeer. [18]

## 6.3 Nuwe inisiatiewe in die bedryf

Binne die nuwe regeringsbestel was dit nie net die reeds vermelde strukture en leemtes in ledesamestellings, uit hoofde van regeringsbehoeftes, waaraan aandag geskenk is nie. Soos in die verlede het die EAV(S.A.) ook daartoe meegewerk om bedryfstrukture meer vaartbelyn tot voordeel van die Suid-Afrikaanse ekonomie waar dit ookal met die elektrotegniese bedryf skakel. Drie van die prominentste inisiatiewe word bespreek.

### 6.3.1 'n Nasionale bedingingsraad vir die elektriese bedryf

Kort na 1995 het die EAV(S.A.) voorbereidings getref vir die stigting van 'n nasionale bedingingsraad vir die elektriese bedryf. In die lig van 'n nuwe regeringsbedeling is gemeen dat dit die aangewese weg is om te volg om só te verseker dat die status wat die EAV(S.A.).(S.A.) in daardie stadium nog geniet het ten volle tot voordeel van die beroepsvereniging en sy lede ingespan behoort te word. Dit het agt maande geneem om 'n grondwet vir só 'n raad te voltooi, en dit is gedoen in samewerking met vakbonde. Hieronder tel die Suid-Afrikaanse Elektriese Werkers Vereniging en die Metaal en Elektriese Werkers Unie van Suid-Afrika.[19] Daarna is tot stigting oorgegaan.

Die grondwet van die Nasionale Bedingingsraad(NBR) is op 27 Februarie 1998 in die Staatskoerant afgekondig. Die meerderheid belanghebbendes in die bou- en

[18] ECA(S.A.), Minutes of the Executive Committee, minute, 7-8 November 1996, p. 32.

[19] ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee,13-14 November 1997, p.24.

konstruksiebedryf was daarvoor te vinde. Die goedkeuring van die NBR-grondwet is kort hierna deur die Industriële Registrateur bevestig .[20]

### 6.3.2 Die EAV(S.A.) 'n stigterslid van die Industriële Raad

In 1997 het die EAV(S.A.) ook begin om die ooreenkomste van die onderskeie Industriële Rade binne die elektrotegniese bedryf te konsolideer en een Nasionale ooreenkoms vir die bedryf op te stel. Daarop is die stigting van die Nasionale Industriële Raad (NIR) vir die Elektrotegniese bedryf beplan.[21] Belanghebbendes soos die EAV(S.A.), die *Electrical Contracting Board*, die SABS en AMEU is hierin geken. Hierdie Raad is bemagtig om selfbesturend te wees met die oog daarop om so ver moontlik objektiewe besluitneming te bevorder. Die nuwe Arbeidswetgewing is ook in ag geneem. Die EAV(S.A.) streeksdirekteure, Chris Greager, Lucas Bowles en Pierre Foot was leidende rolspelers in die NIR-stigting.[22]

Doelwitte wat die NIR bevorder is:

- Standaardvasstelling vir die inspeksie en toetsing van elektriese installasies.
- Hou van kontrole oor die gehalte van geakkrediteerde persone en inspekteurs. Kwalifikasies en 'n vertroudheid met die nuutste tegnologie word vereis.[23]

### 6.3.3 Departement van Arbeid en die EAV(S.A.)

Die nuwe Departement van Arbeid na 1994 se struktuur het baie anders daaruitgesien as dié van sy voorganger. Baie funksies is aan die bedrywe waaroor

---

[20] ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee, 12-13 November 1998, pp. 7-8.

[21] ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute,12-13 November 1998, pp. 15-17.

[22] ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee, 13-14 November 1998, p. 24.

[23] ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 1998, pp. 220-223.

die Departement beheer het, uitgekontrakteer. 'n Rede hiervoor is omdat die Departement nie ten volle toegerus was om dienste soos die voorsiening van 'n inspektoraat vir die elektriese installasieregulasies te lewer nie. Elke terrein van die bou- en konstruksiebedryf is ook verantwoordelik gemaak om na hulle eie sake om te sien. Bedrywe is wel voorsien van die nodige wetlike en regsgebaseerde struktuur waarbinne eie sake hanteer kon word.[24]

In Augustus 1998 het die Elektrotegniese Aannemers Raad (EAR) op eie inisiatief 'n vergadering vir alle belangstellendes gehou (Kyk Afdeling 5.3.3.4). Tydens hierdie vergadering is die teenwoordigers meegedeel dat die meeste lede volgens 'n stemming wat vroeër plaasgevind het, ten gunste was van 'n goedkeurings inspeksiebestuur vir die elektriese bedryf.[25]

Die Departement van Arbeid was daarvoor te vinde, en gedurende September 1998 is die Instituut vir Elektriese Inspekteurs (IEI) geakkrediteer as die eerste goedkeuringsinspeksie-outoriteit. Die IEI se plig was en is om inspeksies te doen as daar klagtes en besware is in verband met foutiewe sertifikate of besware.[26]

Gedurende 1998 en 1999 het die Departement van Arbeid, via Log Teg, ook die elektrotegniese bedryf met hul inisiatiewe geprikkel [27] om 'n databasissisteem vir die elektriese bedryf in die toekoms te oorweeg.[28] Drie afdelings op só 'n netwerksisteem is voorgestel. Eerstens inligting ten opsigte van elektriese kontrakteurs wat deur die Elektrotegniese Aannemersraad (EAR) op register gehou is. Vir die tweede afdeling is 'n elektroniese databasis beoog waarin al die geakkrediteerde persone wat by die Departement van Arbeid geregistreer is, opgeneem is. 'n Derde afdeling het daarvoor voorsiening gemaak dat 'n unieke reeksnommer met 'n nakomingssertifikaat / Certificate of Compliance toegeken

---

24 ECA(S.A.), Minutes of a special NEC meeting, minute, 31 March 1999, p. 4.
25 ECA(S.A.), Minutes of a special NEC meeting, minute, 31 March 1999, p. 5.
26 EAC (S.A.), Minutes of a special NEC meeting, minute, 31 March 1999, pp. 3-5.
27 EAC (S.A.), *Log-Teg* is 'n organisasie wat spesialiseer in inligtingstegnologie.
28 ECA(S.A.), Minutes of a special NEC meeting, minute, 31 March 1999, p. 6.

word. Met hierdie diens kon die verantwoordelike persoon wat 'n bepaalde nakomingssertifikaat uitgereik het, geïdentifseer word.

Die EAV(S.A.) se genomineerdes en mnr. Tony McDonald, voormalige EAV(S.A.)-president, het as die EAV(S.A.)-verteenwoordigers in werkgroepe opgetree wat vasgestel is. Teen 2000 was die EAV(S.A.) nog bloot besig om meer van hierdie tegnologiese vernuwing te leer. Die waarde daarvan mag waarskynlik eers aansienlik later in die komende eeu sigbaar wees.

## 6.4 Boustene vir professionalisering in die nuwe demokratiese bestel

### 6.4.1 Entrepeneurskap en 'n hersiening van onderwysstandaarde as bykomende visies in opleiding

Die meer sigbare handelinge deur die EAV(S.A.) om opheffing in die "opkomende" sektor te bevorder, is deur die Regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) gestuur. In die ontwikkeling van entrepeneurskap het die EAV(S.A.) beoog om ook hierin 'n leidende rolspeler te wees[29] (kyk van die inisiatiewe soos reeds in Afdeling 6.2 genoem).

Teen Mei 1995 is nuwe kursusse in byvoorbeeld Bestuursopleiding, Basiese bestuursvaardighede en Entrepeneurskap ontwikkel.[30] Die EAV(S.A.) het vanaf

---

29 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee meeting, 26-27 May 1994, p.14.

30 ECA(S.A.), Synopsis of decisions taken as a meeting of the National Executive Committee, minute, 11-12 May 1995, p. 2; Minutes of the National Executive Committee, minute, 7-8 May 1996, p. 8, 14, 22; Supporting documentation for the National Executive meeting, 7-8 November 1996, p. 12.

1996 ook betrokke geraak by programme vir die opleiding van werkloses en werkskepping. Opleidingsmodules is hersien om meer beroepsgerig te wees.[31]

Ondertussen is die formulering van nuwe opvoeding – en opleidingstrukture deur die Regering in die vooruitsig gestel.[32] Wetgewing het daarvoor voorsiening gemaak dat 'n Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (National Qualification Framework oftewel die NQF) en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Outoriteit (South African Qualification Authority oftewel SAQA/SAKO) gevestig word waarbinne alle opleidingsisteme bestuur is. [33] Betrokkendheid is bevorder om te verseker dat die opleiding van elegtrotegnici inskakel by die visie vir uitkomsgebaseerde onderrig.[34]

Aansluitend hierby is opleiding in twee kategorieë verdeel, naamlik die sogenaamde aangewese sektor- en die nie-aangewese sektorkategorie. Eersgenoemde het die behoefte van elektrisiëns in die elektrotegniese aannemersbedryf verteenwoordig,[35] terwyl laasgenoemde oopgestel is vir belangstellendes. Die kursusse: Elektriese verspreidingsoperateur, Elektriese voorsieningsoperateur, Enkelfase toetser en Elektriese toestelhersteller is in die nie-aangewese sektor kategorie aangebied.[36]

---

31 ECA(S.A.), Synopsis of the decisions taken at the NTS& EDTF meeting, 5-6 October 1994, p. 2; Chairman's Report, Electrical Contracting Industries Training Board, report, May 1996, p. 4; Interview E.S. van Eeden/ William Shika (Emerging Contractor Co-ordinator, ECA(S.A.)), 6 September 2000.

32 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee meeting, 7-8 November 1996, p. 11.

33 Vergelyk Department of Education, *Curriculum 2005, Lifelong learning for the 21st Century*; J. van der Vyver, "Outcomes-based education in higher and further education", *South African Journal of Higher Education*, 13(20, 1999, pp.5-6; P. Singh, "Quality assurance in higher education in South Africa", *South African Journal of Higher Education*,14(2), pp. 5-7.

34 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee meeting, 11-12 May 1995, p. 14: 9-10 November 1995, p. 16.

35 ECA(S.A.), Chairman's report of the Electrical Contracting Industries Training Board, 7-8 May 1996, p. 1.

36 ECA(S.A.), Chairman's report of the Electrical Contracting Industries Training Board, 7-8 May 1996; Letter, Mr. T. Meyer, National Training Co-ordinator, Johannesburg / Mr. J. Baker,ECA(S.A.), Johannesburg, 9 May 1996, pp. 1-2; The Electrical Contractor, July/August 1996, p. 4.

Die EAV(S.A.) het ook die finansiering van opleiding in die nie-aangewese sektor bevorder.[37] Kursusse en die vereiste SAKO-standaarde van hierdie ambagte is deur die EAV(S.A.) opgestel en die onderskeie opleidingsentrums is ook vir hierdie ambagte by die ITB geakkrediteer. Hierdie praktyk word ook in lande soos Australië en Nieu Seeland toegepas. Met so 'n stelsel is groter verantwoordelikheid op die werkgewer geplaas om effektiewe en doeltreffende opleiding aan werknemers te verseker[38] as bydraende faktor vir sinvolle professionalisering.

'n Ander fasset in opleiding waarby die EAV(S.A.), soos ander opleidingsinstansies, ingeskakel het, is langafstandonderrig. Vanaf 1996 is hierdie onderrigmetode ontwikkel.[39] Te midde van prosesse binne entrepeneurskapsontwikkeling en langafstandsonderrig, het die EAV(S.A.) ook gedurende 1998 'n sisteem vir "op-perseel-opleiding en werksopdragte" vir leerlingvakmanne ontwikkel. In die proses is nóú met die Departement van Publieke Werke saamgewerk ten opsigte van mentorskap en vergoeding.[40]

Terselfdertyd is die uitkontraktering van opleiding asook die moontlike gebruik van opleidingsentrums as geakkrediteurde satelietsentrums ondersoek.[41] Waarskynlik die vernaamste rede vir dié besluit deur die EAV(S.A.) om dié weg te volg, was vanweë die groter vereistes en spesialisasie in opleiding. Teen 1995 het die ITB 'n versoek ten opsigte van die moontlike ontbondeling van die EAV(S.A.), die ITB en die EDTF tot die EAV(S.A.) gerig. As rede vir die versoek is aangevoer dat die EAV(S.A.) met die ontbondeling hom eerder kon toespits op sy hooffunksie as beroepsvereniging, naamlik om 'n diens aan sy lede te verskaf , as om die

---

37 ECA(S.A.), Letter, Mr. Tim Meyer, National Training Co-ordinator Electrical Contracting Industries Board Johannesburg, 9 May 1996, pp. 1-2; Chairman's Report Electrical Contracting Industries Training Board, May 1996, p. 2.

38 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 22-23 May 1997, p. 20.

39 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 7-8 May 1996, p. 22; Interview: E. van Eeden/Tony Mc Donald, ECA(S.A.), 6 December 1999; Supporting documentation for the National Executive Committee, 7-8 November 1996, p. 13.

40 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 21-22 May 1998, p.13.

41 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 11-12 May 1995, p. 5.

Vereniging se inkomste te vergroot deur té groot te dink op die terrein van opleiding.[42]

Om behoorlike dienslewering te bevorder, is die aanstelling van 'n nasionale administrasiebestuurder deur die EDTF voorgestel. Verdere aanbevelings het ook die aanstelling van 'n nasionale opleidingskoördineerder vir die ITB ingesluit. Alhoewel só 'n koördineerder met streeksopleidingsbestuurders sou moes saamwerk, is geen outoritêre magte toegestaan nie. Gelyke verteenwoordiging vir beide die EAV(S.A.) en vir vakbonde is in hierdie nuut voorgestelde strukture bekendgestel.

Nadat die EAV(S.A.) sy goedkeuring geheg het aan die voorgestelde ontbondelingsproses, het die proses om dit te verwesenlik in 1995 in werking getree. Mnr. B.C. Jones het op 1 Julie 1995, die datum waarop die ontbondeling inwerking getree het, die eerste Nasionale Administrasiebestuurder van die EDTF geword [43] terwyl 'n nasionale opleidingskoordineerder ook vanaf 1 Julie 1995 vir die ITB benoem is.[44]

Voorts is die Elektriese Ontwikkelings- en Opleidingsfonds (EOOF) en die Nasionale Opleidings Raad (NOR) op 20 Maart 2000 amptelik deur die Energiesektoronderrig- en Opleidingsoutotiteit (ESO) vervang. Hierdie liggaam is by die Departement van Arbeid geregistreer. Die ESO het die ontwikkeling en verbetering van vaardighede in die energiesektor ten doel gehad.[45] Die uitkontrakteringsproses in opleiding het ondertussen veral vanaf 1998 momentum gekry en dié is ook teen Junie 2000 afgehandel.

---

[42] ECA(S.A.), Supplementary documents for the National Executive Committee meeting, 27-28 October 1994, p. 8.

[43] ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 11-12 May 1995 , p.15; Supporting documentation for the meeting of the National Executive Committee, 11-12 May 1995, p.3.

[44] ECA(S.A.), Supporting documentation for the meeting of the National Executive Committee, 9-10 November 1995, p.18; Chairman's Report of the Electrical Contracting Industries Training Board, 7-8 May 1996, p.4.

[45] JC Baker, "ESO – Onthou om te registreer", *The Electrical Contractor*, April 2000, p. 4.

### 6.4.2 Bemarking en reklame

As bemarkingsmiddel van die EAV(S.A.) is die *The Electrical Contractor* steeds sedert 1995 prominent en vanaf 1998 is dit tweemaandeliks versprei.[46] Tesame hiermee het die EAV(S.A.) vanaf Junie 2000 met *Crown Publications* kragte saamgesnoer. Uit hierdie samewerking het 'n nuwe publikasie *Sparks Electrical Contractor* die lig gesien.[47] Hierdie publikasie het aan die leser addisionele nuus en inligting oor die bedryf en sy rolspelers gebied.

'n Paar ander bemarkingsinisiatiewe is ook gedurende die periode onder bespreking opgemerk. Radio- en T.V.-advertensieveldtogte is van tyd tot tyd geloods. Hiervoor is Engels en Afrikaans as advertensiemedium gebruik.[48]

Gedurende die EAV(S.A.) se *Safety in the house* –veldtog op TV in 1996 is die publiek bewus gemaak van onder meer die foutiewe bedrading en algemene veiligheid rondom die gebruik van elektrisiteit.[49] Van dinamiese vernuwing op hierdie terrein het teen 2000 nog nie veel van gekom nie. Teen hierdie agtergrond en wat in vroeër hoofstukke aangebied is, is die ontwikkeling van die EAV(S.A.) in Hoofstuk Sewe krities beskou. Daar is, waar toepaslik, van die teoretiese begronding in Hoofstuk Een gebruik gemaak om 'n kritiese analise van hierdie beroepsvereniging se rol en invloed te maak. Uiteraard herhaal Hoofstuk Sewe nie al die fasette uit waarop reeds n alle vorige hoofstukinhoud gereageer is nie.

---

46 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 21-22 May 1998, p. 16.

47 *Sparks/The Electrical Contractor*, June 2000, p. 1.

48 ECA(S.A.), Synopsis of decisions taken at a meeting of the National Executive Committee , 11-12 May 1995, p. 3; Minutes of the National Executive Committee, minute,-10 November 1995, pp. 14-15.

49 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee, 7-8 May 1996, pp. 3-4.